education
Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# GRAAD 7

# AFRIKAANS EAT

# KONTROLE TOETS

## JUNIE 2024

## TYD: 2 URE

## PUNTE: 60

**NAAM:** ________________________________________

**KLAS:** ________

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:
   - VRAAG 1: Leesbegrip (20 punte)
   - VRAAG 2: Visuele teks (10 punte)
   - VRAAG 3: Opsomming (10 punte)
   - VRAAG 4: Taalstrukture en -konvensies in konteks (20 punte)

2. Lees al die instruksies deeglik.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Gee veral aandag aan jou spelling en sinskonstruksie.

5. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1: LEESBEGRIP (20 PUNTE)**

Lees die leesstuk aandagtig en beantwoord die vrae wat volg.

## Ole Kirk Kristiansen

***(Die ontwerper van die blokkie wat die wêreld verander het.)***

Ole Kirk Kristiansen het die LEGO-groep begin met die oortuiging: "Net die beste is goed genoeg". Mettertyd sou die klein plastiekblokkie die wêreld verower.

Kristiansen is in 1891 gebore in die dorpie Filskov, Denemarke. Na skool het hy ‘n timmerman geword en sy eie onderneming begin. Hy het huise gebou en lere gemaak, maar hy het ook speelgoed soos treine, motors en eende gemaak. In 1934 het hy sy maatskappy LEGO genoem, wat afgelei is van twee Deense woorde wat "speel+goed" beteken.

In ‘n onderhoud het Ole die volgende geheim verklap: "Ek het in 1949 die 'Automatic Binding Bricks' bekend gestel, maar my seun, Godfred Kirk Kristiansen, het eers in 1958 die regte LEGO blokkie, soos ons hom vandag ken, ontwerp.

LEGO-blokkies kan inmekaar pas. Kinders kan dus allerhande opwindende strukture daarmee bou. Nadat die LEGO-groep die plastiekblokkies bekendgestel het, het hulle intensief daaraan gewerk om die blokkies te verbeter. Die "LEGO-system of play" is geskep met eindelose moontlikhede. Hulle het selfs die groter blokkie gemaak vir kleuterhandjies - DUPLO.

Die eerste LEGO- stelle het die Amerikaanse rakke in 1961 getref en binnekort was dit regoor die wêreld beskikbaar. In 1977 het hulle stelle vir ouer kinders gemaak, met die naam LEGO-Technic. Vandag kan jy stelle koop waarmee jy jou gunsteling voertuie, karakters, trefferfilms, en selfs robotte kan bou.

Daar is ook LEGO-rekenaarspeletjies om te geniet en LEGOLAND temaparke om te besoek.

Die hoeveelheid LEGO-blokkies wat elke jaar verkoop word, is genoeg om vyf keer om die wêreld te gaan. In 60 jaar het die maatskappy 400 biljoen stukkies gemaak — dit is 62 blokkies vir elke persoon op die planeet.

Bron: Protea; 2012; Gilliland, B.

Kopiereg voorbehou

1.1 Wat is die naam van die persoon wat die maatskappy begin het wat vandag die LEGO-blokkies maak? (1)

______________________________________________________________________

1.2 Wat beteken die twee woorde wat gebruik is om die naam LEGO mee af te lei? (1)

______________________________________________________________________

1.3 Hoeveel blokkies het hulle die afgelope 60 jaar gebou? (1)

______________________________________________________________________

1.4 Voltooi die inligting oor Ole Kirk Kristianse:

Volle naam en van: ______________________________________________ (1)

Geboorteland:______________________________________________ (1)

Geboortedorp: ______________________________________________ (1)

Eerste broep: ______________________________________________ (1)

Naam van maatskappy: ______________________________________________ (1)

1.5 Wat is Ole Kirk se seun se naam? (1)

______________________________________________________________________

1.6 Watter tipe LEGO-blokkie is geskik vir die volgende kinders?

Kinders van 2 – 3 jaar: ______________________________________________ (1)

Kinders 10 – 15 jaar: ______________________________________________ (1)

1.7 Het Ole Kirk die **LEGO**-blokkie ontwerp? Verduidelik jou antwoord. (1)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

1.8 Dink jy LEGO-speelgoed was al voor 1961 in Suid-Afrika beskikbaar, of eers na 1961? Motiveer jou antwoord. (2)

______________________________________________________________________

1.9 Wat is Ole Kirk se lewensmotto? (1)

______________________________________________________________________

1.10 Soek 'n sinoniem uit die teks wat dieselfde beteken as **besigheid.** (1)

______________________________________________________________________

1.11 Wat het Ole Kirk na skool gedoen? (1)

______________________________________________________________________

1.12 Vandag word LEGO-blokkies volgens temas gemaak. Noem TWEE gunsteling-temas wat in stelle verkoop word. (2)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

1.13 Hoe kan die LEGO blokkie verbeter word? Maak jou eie voorstel. (1)

______________________________________________________________________

**[20]**

**VRAAG 2: VISUELE TEKS (10 PUNTE)**

Lees die strokiesprent en beantwoord die vrae daaroor.

**MAMA TAXI**




Uit: Die Burger, 16 Mei 2012

2.1 Wat is die titel van die visuele teks? (1)

______________________________________________

2.2 In watter koerant het dit verskyn? (1)

______________________________________________

2.3 Wanneer het dit in die koerant verskyn? (1)

______________________________________________

2.4 Glimeer / omkring die regte antwoord: (1)

Hierdie visuele teks in 'n voorbeeld van 'n:

A. kaart

B. strokiesprent

C. advertensie

D. koerantberig

2.5 Wat het die straatverkoper verkoop? (1)

______________________________________________

2.6 Wat het die straatverkoper op sy kop gedra? (1)

______________________________________________

2.7 Watter klere het die man gedra om sy hemp te beskerm? (1)

______________________________________________

2.8 Hoeveel karakters is daar in die visuele teks? (1)

______________________________________________

2.9 Waar dink jy het hierdie visuele teks plaasgevind? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

______________________________________________

______________________________________________

2.10 Hoe dink jy het die karakters in die motor in raampie 3 gevoel? (1)

______________________________________________

**[10]**

**VRAAG 3: OPSOMMING (10 PUNTE)**

Lees die onderstaande teks en som die 7 belangrikste feite oor die maan en die aarde op. Gebruik nie meer as 40 – 50 woorde nie.

**Die Maan en die Aarde**

Terwyl die aarde om die son wentel, wentel die maan om die aarde. Die deursnee van die maan is rofweg een kwart van die deursnee van die aarde. Die maan is 384 400 km van die aarde af.

Die maan word deur die aarde se swaartekrag in sy wentelbaan om die aarde gehou. Die maan het ook sy eie swaartekrag. As jy na die videomateriaal van ruimtevaarders op die maan kyk, sal jy sien dat dit eerder lyk asof hulle rondbons as wat hulle voete ferm op die grond is. Dit is omdat die swaartekrag op die maan swakker is as die swaartekrag op die aarde. Die oppervlak-swaartekrag op die Maan is maar ‘n sesde van dié van die Aarde, met die gevolg dat ‘n mens daar hoër sal kan spring as hier!

Die aarde is die enigste bekende planeet waarop lewe bestaan, en dit het 'n unieke verskeidenheid van plante, diere, en mense. Die Maan is vir alle praktiese doeleindes ‘n luglose verlatendheid, woes en leeg. Die lewelose oppervlak lê besaai met klippe en rotse, wat deur ‘n hoeveelheid botsings met meteoriete veroorsaak is. Die Maan se snelheid waarmee hy om die Aarde wentel, is sowat 3 700 km/h.

Die maan wentel een keer om sy eie as in 27 dae, 7 uur en 43 minute soos ons dit ken. Dit voltooi een omwenteling om die Aarde in presies dieselfde tyd.

*[Bron:www.mieliestronk.com en Vandag Graad 7 NW-Handboek]*

Jou opsomming:

**Die Maan en die Aarde**

______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________

| Kriteria | 8 punte | 6 punte | 4 punte | 2 punte | 0 punte |
|---|---|---|---|---|---|
| **Hoofgedagtes** | 8 - 10 hoofgedagtes | 7 - 6 hoofgedagtes | 5 - 3 hoofgedagtes | 2 - 1 hoofgedagtes | 0 hoofgedagte |
| **Sinskonstruksie** | | | | Goeie sinskonstruksie (1-2 leesteken en/of spelfoute). | Swak sinskonstruksie (meer as 2 leesteken en/of spelfoute). |

## VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES (20 PUNTE)

Lees die volgende briewe van Boer soek ‘n vrou-kykers en beantwoord die taalvrae.

### GROOT STEUN VIR HENNIE EN JACOBU

*BRIEF 1:*

Wat sê al die **(4.1 suurknolle)** nou wat *Boer soek ’n Vrou* op die **( 4.2 vullishoop)** wou smyt? **(4.3 En toes daar wel TVliefde! 26 Januarie 2017)**. **(4.4 Baie groot huwelike het as ’n hegte vriendskap begin)** Hennie en Jacobu, julle is **(4.6 wys)** **(4.7 jong)** mense. Ek en my ou Manie is ná 43 jaar steeds dieselfde vriende as wat ons op skool was, lank voor die liefde.

| |
|---|
| Liefde met die eerste oogopslag is vir romantiese **(4.8 dwaas).** Los ons program nou uit! ***Tant San, Bultfontein*** |
| *BRIEF 2:*<br>***(4.9 Boer soek 'n Vrou*** **is vir een vrou darem nie 'n mors van tyd nie.)** Enige goeie **(4.10 boerseun)** sal jou immers vertel trou is nie **(4.11 perd + koop) nie.** Hennie en Jacobu, julle maak my dag. Julle is 'n pragtige paartjie. Mag jul verhouding van krag tot krag gaan. Julle is twee lieflike mense. ***Rina, Pretoria*** |
| *BRIEF 3:*<br>Ag nee wat, kom ons wees **(4.12.1 eerlik)**: *Boer soek 'n Vrou* se tyd het uitgeloop. Dis elke jaar baie **(4.12.2 vervelig)**. Al wat 'n kyker en briefskryf is, gaan seker nou van voor af liries raak oor die program omdat Hennie en Jacobu kwansuis onverwags verlief geraak het – nadat sy en Arno in die slotaflewering besluit het om net vriende te wees. **(4.13 Môre, oormôre lees ons weer hulle is ytmekaar.)** ***Mossel, Plettenbergbaai*** |
| *BRIEF 4:*<br>Ag, is boer Hennie en Jacobu nie die pragtigste paartjie nie! **(4.14 Sy het so 'n mooi, oop en eerlike lag.)** Mag hulle net geluk en liefde in hulle verhouding beleef. ***Trienie, Boksburg***<br>*BRIEF 5:*<br>**(4.15 Hennie en Jacobu, baie geluk, julle is 'n pragtige paartjie.)** Mag julle liefde altyd **(4.16 blom.)** ***Petro, Pretoria*** |

4.1 Deel die woord **suurknolle** in lettergrepe op. (1)

___________________________________

4.2 Gee 'n sinoniem vir die woord **vullishoop**. (1)

___________________________________

4.3 Glimeer / omkring die korrekte antwoord. (1)

**TV** staan vir...

A telewiesie

B televisie

C telwisie

D tellevisie

4.4 Verbeter die fout in die volgende sin deur die regte leesteken in te vul. Skryf die hele sin korrek oor. (1)

Baie groot huwelike het as ’n hegte vriendskap begin

______________________________________________________________

4.5 Skryf die stam / basis van die volgende woorde neer:

4.5.1 rotsvas (1)

___________ + ___________

4.5.2 vriendskap (1)

_________________

4.6 Gee die regte vorm van die woord **wys**. (1)

_________________

4.7 Gee die intensiewe vorm van die woord **jong**. (1)

____________________________________

4.8 Gee die meervoud van die woord **dwaas**. (1)

__________________________

Kopiereg voorbehou 

4.9 Skryf die volgende sin uit brief 2 oor in die verlede tyd. (1)

*Boer soek 'n Vrou* is vir een vrou darem nie 'n mors van tyd nie.

__________________________________________________________________

__________________________________________________________________

4.10 Benoem die woordsoort van die woord **boerseun**. (1)

________________________________

4.11 Skryf die korrekte samestelling van die volgende woorde neer. (1)

perd + koop __________________________________________________

4.12 Skryf die trappe van vergelyking van die volgende woorde:

4.12.1 eerlik ____________________________ ____________________________ (2)

4.12.2 vervelig ____________________________ ____________________________ (2)

4.13 Verbeter die spelfout in die volgende sin. Skryf net die woord wat verkeerd gespel is korrek neer. (1)

*Môre, oormôre lees ons weer hulle is ytmekaar.*

________________________________

4.14 Herskryf die volgende sin na 'n vraagsin. (1)

*Sy het 'n mooi, oop en eerlike lag.*

Kopiereg voorbehou 

4.15 Glimeer / omkring die korrekte antwoord: (1)

*Hennie en Jacobu, baie geluk, julle is ’n pragtige paartjie.*

Die sin is ‘n…

A Saamgestelde sin

B Enkelvoudige sin

4.16 Word die woord **blom** letterlik of figuurlik gebruik in die volgende sin: (1)

*Mag julle liefde altyd <u>blom</u>.*

__________________________________

**[20]**

**TOTAAL 60**

Kopiereg voorbehou